

# Sien jy wat jy sien…?



`n Hoed?

# …of sien jy wat jy nie sien nie?



`n luislang wat `n olifant geëet het?

Die geheim is baie eenvoudig. Hier is dit: Dis net met die hart dat jy werklik kan sien. Wat regtig belangrik is, is onsigbaar vir die oog.




# Verbeel jou `n wêreld waar grootmense nie bestaan nie…

- Geen reëls
- Geen wette
- Geen takies
- Geen straf
- Geen "omdat ek so sê nie…
- Geen "jy moet 11pm terug wees.."
- En…geen **dom** vrae nie!




Klink aanloklik...?

# Wat sien jy?



# Kom lewe in die wêreld van…





# “Asseblief…teken vir my `n skaap!”

**Sou die klein prinsie met jou tekening tevrede wees…?**

Dit het my lank geneem om agter te kom waar hy vandaan gekom het. Dit het nie gelyk asof die klein prinsie ooit gehoor het as ek *hom* iets vra nie.



Ek dink hy't van `n vlug trekvoëls gebruik gemaak om van sy planeet af pad te gee.

Ek het goeie rede om te glo dat die planeet waar die klein prinsie vandaan gekom het, Asteroïde B612 is…



"Daar by my is alles so klein…"

Op die klein prinsie se planeet was daar verskriklike sade – die sade van kremetartbome

En as `n mens nie `n kremetartboom vroegtydig kortvat nie, dan raak jy net mooi nooit weer van hom ontslae nie.




"Dis alles `n kwessie van dissipline…Nadat mens jou in die oggend gewas het, moet jou hele planeet ook mooi aan die kant maak. Jy moet sorg dat jy die kremetarte gereeld uittrek…"

"Dis `n vervelige werk, maar dis maklik."



Dít is vir my die mooiste en die hartseerste landskap in die hele wêreld. Dit is hier dat die klein prinsie op die Aarde verskyn het, en later weer verdwyn het.

Kyk goed na die landskap, sodat julle seker kan wees dat julle dit sal herken as julle eendag in Afrika deur die woestyn reis. En as julle dalk daar verbykom, moet dan tog nie haastig wees nie, maar vertoef eers `n bietjie, reg onder die ster! En as daar dan `n kind na julle toe kom, as hy lag, as hy goue hare het, as hy nie antwoord wanneer mens hom uitvra nie, dan sal julle wel kan raai wie dit is. Doen my dan asseblief `n guns! Moenie dat ek so hartseer hier bly sit nie: skryf dadelik vir my dat hy teruggekom het…






Wonder jy wat die klein prinsie op aarde kom maak het?

Lees die sprokie en vind uit!!

# Meer oor die skrywer



**Antoine De Saint-Exupéry**

# Antoine De Saint-Exupéry

- Gebore 29 Junie 1900 in Lyon, Frankryk
- In 1929 begin sluit hy aan by die militêre diens, en begin opleiding as (pos)vlieënier ontvang.
- Eerste verhaal, *L'Aviateur (The Aviator)*, en in 1929 publiseer hy sy eerste boek *Courrier Sud (South Mail)*.
- Gedeeltes van sy lewe te sien in die IMAX film *Wings of Courage*.
- Hou voort met sy vlugte gedurende WO2.
- Tree dan af en woon in Asharoken, New York.
- Laaste vlug in 1944: Vliegongeluk langs die kus van Marseille. Moontlike enjin-probleme of selfmoord verwag.

# Verlore in die Sahara

- Op 30 Desember 1935, na `n 19-uur en 38 minute lange vlug, is De Saint-Exupéry en sy navigator in `n vliegongeluk in die Libanese Sahara-woestyn. Poging om vlug in rekordtyd te vlieg vir `n prysgeld van 150 000 frank. Beide oorleef die ongeluk, maar staar dehidrasie in die gesig. Druiwe, `n lemoen, en wyn hou hulle aan die lewe vir een dag, waarna hulle voorrade op is. Beide mans begin droombeelde sien. Tussen die tweede en derde dag is hulle so gedihidreer dat hulle nie eens sweet nie. Eindelik, op die vierde dag word hulle gered en ontvang dehidrasie-behandeling. In *Die Klein Prinsie* verwys Saint-Exupéry na hierdie ervaring. Sy ervaringe word in meer besonderhede in sy boek *Wind, Sand & Stars* beskryf.

# Wat is `n sprokie?

- Sommige meen dat sprokies in die eerste plek en in die meeste gevalle vir kinders geskryf is, maar dat daar ook sprokies is wat vir volwassenes bedoel is. Die Klein Prinsie is so `n voorbeeld.
- Sprokies kan bydra tot `n persoon se morele opvoeding, aangesien dit dikwels seker waardes van die samelewing verteenwoordig.

# Kenmerke van `n sprokie

- **1 Die begin en die einde**

Navorsers lê klem op verskillende sake. Die begin en die slot dra byvoorbeeld definitiewe, spesifieke genremerkers. Baie sprokies begin so:

“Lank, lank gelede...”

“In ‘n sekere land...”

“Eens op ‘n tyd...”

En wat die slotte van sprokies betref, is daar altyd ‘n gelukkige einde.

- **2 Metamorfose en die wonder**

Metamorfose is een van die sprokie se dominante en karakteristieke wonders. ‘n Wonder gebeur dikwels in ‘n sprokie sodat die pragtige Sneeuwitjie weer lewendig word en die wrede stiefma gestraf word. Die Goeie gaan altyd, in die tradisionele sprokie, die Kwaad oorwin.

- **3 Die stryd tussen Goed en Kwaad**
- Die stryd tussen Goed en Kwaad is natuurlik nie net ‘n kenmerk van die sprokie nie. Die sewe doodsondes ( en die sewe deugde) is al met ons sedert die Sondeval. Vir die sprokie is die ongenuanseerdheid van Goed en Kwaad belangrik. Met ander woorde: die sprokie verteenwoordig eksistensiële dilemmas. In sprokies is daar nie sprake van ambivalensie in die karakters nie. Hulle kan nie goed en kwaad soos in die werklikheid wees nie.

- **4 Lyding**
- Nog ‘n sentrale aspek van die sprokie wat eweneens ‘n kenmerk van alle literatuur is, is lyding. Hoeveel armes, swakkes en sukkelendes is daar nie in sprokies nie.

- **5 Tyd en ruimte**

Tyd en ruimte is dikwels vaag en ongedefinieerd in sprokies. Daar is sprake van ’n tyd lank gelede’, ‘in ‘n ver land’. Sprokiestyd is nie horlosie tyd nie, maar eerder emosionele tyd, waarin die verlede, hede en toekoms saamgebind word asof dit alles deel vorm van die onmiddellike.

- **6 Karakters**

Mense of vermenslikte diere wat in sprokies optree, is gewoonlik eendimensioneel, maar goed en kwaad word nie altyd absoluut geskei nie. Die hooffiguur word soms deur omstandighede buite homself in ellende gedompel. Elke karakter in ‘n sprokie het die doel om die onveilige leser deur sy krisisse van negatiewe emosies, identiteitsprobleme en intense strewe na onafhanklikheid te laat ontwikkel tot ‘n ryp mens met selfvertroue en ‘n positiewe lewensbenadering.

# Die terapeutiese waarde van sprokies

- *	Sprokies maak die leerder se oë oop vir die werklikheid: ouers word oud en kan doodgaan, dit is gewoonlik aan die begin. Ten spyte van die ongelukkige begin, is die einde altyd goed. Die Kwade kan dus ten beste gekeer word.
- *	Sprokies het ook primêr te doen met gesinsverhoudinge en die magspel binne die gesin. Dit leer ‘n mens om sinvolle verhoudinge met ouers aan te gaan, hom/haarself te handhaaf teenoor broers en susters en om met selfvertroue die wêreld in te gaan. Dit is dikwels die kleinste of jongste wat bo uitkom soos in Aspoestertjie.